

# KOERSVAS

Jaargang 3

Uitgawe 62

8 Mei 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Samewerking

Daar is verskillende verstaansmoontlikhede ten opsigte van die begrip, samewerking. Vir sommige beteken die woord gehoorsaamheid, vir ander beteken dit die begin van eenwording. Nog ander sal die begrip verstaan as 'n wilskeuse; terwyl ander dit as dwinglandy wil verstaan. So in die babaskoene van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) is dit noodsaaklik dat daar konsensus sal wees oor wat verstaan word wanneer daar na samewerking verwys word.

In die weermag het die korporaal die troepe moeg gejaag. "Julle wil nie saamwerk nie, ons sal dit weer doen!" Woorde wat menige troep kwaad maak het vir ander en vir die lewe in die algemeen. In daardie geval het dit beteken dat die troepe nie na die sin van die korporaal die opdrag uitgevoer het nie. Sterk elemente van dwang en gehoorsaamheid is een verstaansruimte vir samewerking.

Samewerking kan dui op die begin van eenwording of dalk om 'n aksie of 'n besluit te erken. Die algemene sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Potchefstroom se besluit om met die NGK saam te werk, is voorbeeld hiervan. "Die

*besluit sal die samewerking wat volgens ds. Cassie Aucamp reeds tussen die kerke op grondvlak begin het, versterk. Kerke kan nou onderling besluit oor die volgende punte:*

- *Belydende lidmate kan hul kinders onderling doop tussen die twee kerke, mits dit deur die kerkraad goedgekeur word.*
- *Die nagmaal kan gedeel word.*
- *Die leraars kan van mekaar se kansels af preek.*
- *Die twee kerke aanvaar mekaar se attestate.*
- *Gesamentlike eredienste."*

<http://www.netwerk24.com/nuus/2015-01-07-gereformeerde-kerk-s-nou-ja-vir-samewerking-met-ng-kerk>

Navorsingsinstansies kan samewerkings-ooreenkomste opstel. Werk en navorsingsresultate word verdeel en gedeel, sonder enige voorskriftelikheid.

Die HAT verwys na samewerking as werk met verenigde krag. Die beminde leuse eendrag maak mag, presenteer op die horison.

Dit is duidelik dat samewerking in meer as een konteks met meer as een betekenismoontlikheid gebruik word, ten regte of met verwarring.

In die GHG se strewe na 'n balans wat almal sterker maak aan die een kant en terselfdertyd independiste se strewe na selfstandigheid, vry van voorskriftelikheid, akkommodeer, is dit duidelik dat daar openlike debat gevoer moet word.

Daar is enkele aspekte van samewerking wat die gesprek oor die breedte en diepte van samewerking kan vergemaklik.

Die eerste is die feit dat saamwerk met meer krag geskied; indien almal dieselfde doel voor oë het.

Die tweede is dat respek vir mekaar voorwaarde is vir vertroue in almal betrokke by samewerking. Indien *die bona fides* van die verskillende partye aanvaar word, sal verskille nie lei tot moontlike geskille, wantroue en botsings nie, maar tot openhartige kommunikasie en opbouende konflik hantering. Respek beteken ook dat niemand se selfstandigheid opgehef of ondergrawe sal word nie.

Konsensus is nodig; indien vordering verwag word. Die spoed waarteen gevorder word, kan soms stadig na stilstaande blyk te wees, maar 'n konsensus samewerking se momentum is net soveel kragtiger.

Die dokumente wat nou aan gemeentes uitgestuur word, is geleentheid tot samewerking. Die beskrywingspunte en studiestukke vra om debat. Enige sinvolle debat kan net die voorstelle verryk. Voorstellers en diegene wat daarop reageer, moet hulle arbeid sien as deel van die samewerking wat daar binne die GHG bestaan.

Die GHG vergadering te Meyerspark sal ook verder moet besin oor die impak en reikwydte van samewerking.

## BERIGTE

### • Regsake

Vele lidmate het vrae in verband met die NHKA se regsplan se regsgronde vir hulle aandrang op mede-eienaarskap en gevolglike **aandrang op beslag neem van Selfstandige gemeentes se eiendomme**

**en beleggings.** Het hulle die reg om in te meng in sake rakende 'n gemeente se bates? Volgens hulle eie grondwet het hulle nie daardie reg nie

Hoewel die NHKA se Litigasie komitee (al is die komitee onkerkordelik) besluite neem, is dit weer eens gemeentes wat die prys moet betaal. Heffingsgelde van die verlede moet betaal vir die dood-gebore hofsak wat onafwendbaar lyk, solank die Kommissie van die 70e AKV nie in gesprek wil tree en die saak vreedsaam wil oplos nie. Dit sou redelik wees om te verwag dat daar op hoë vlak redeneer sou word in die daarstel van die regsargumente. Dit is ongelukkig nie wat gebeur nie.

As een voorbeeld kan die beredenering van Ordinasie 4.4.2 (viii) genoem word. Hierdie Ordinasie stel (*die gemeentevergadering*) *sien toe dat vaste eiendomme in die naam van die gemeente geregistreer word.*

Hiervolgens redeneer die NHKA se Litigasie komitee nou dat 'n gemeentevergadering wat besluit om eiendomme oor te dra aan 'n vereniging, onwettig optree. Hulle gevolgtrekking is dat die gemeente se oordrag van eiendomme onregmatig geskied het en die eiendomme terug gegee moet word aan die NHKA. Die komitee se interpretasie is nie korrek nie.

### **Kerkordelik is dit nie korrek nie!**

Enige oortreding van die Kerkorde, moet Kerkordelik hanteer word. Dit beteken volgens die Kerkorde dat die Ringskommissie met die gemeente moet begin handel. Indien die Ringskommissie sover dit Dissipline betref by gebreke bly om op te tree, is dit die taak van die Algemene Kommissie van die AKV om op te tree ooreenkomstig die ordinansies en reglemente van die Kerkorde, .

As voorbeeld kan die besluit van 'n vorige AKV gegee word. Daar is besluit dat gemeentes reserwe fondse by die Raad van Finansies moes belê. Die gemeentes wat nie aan die besluit gehoor gegee het nie, het skriftelike waarskuwings ontvang waarin gemeentes met verdere kerkordelike dissipline gedreig is.

Daar is nie toe hofsake begin om beslag te lê op gemeentes se beleggings nie. Elke gemeente is in lyn met ordinansies en reglemente betreffende Dissipline aangespreek. Die gemeentes het ook nie skielik "ophou om te bestaan" bloot omdat hulle hul fondse elders belê het nie!

Die 69e en 70e Kommissie van die AKV het dit baie duidelik laat blyk dat besluite van die AKV bindend is. Gemeentes waar geld elders gewaag is as in die NHKA-fondse, was daarom volgens hulle tugwaardig.

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat gemeentes wat anders as volgens ordinansies, reglemente of AKV besluite optree, onder Dissipline hanteer moet word. Die gemeentes se optredes en besluite is wettig. So byvoorbeeld: 'n Predikant wat skei, tree wettig op, maar word aangespreek weens die Kerorde se bepalings.

Anders gestel; die gemeentes wat eiendomme geskenk het, se optredes is na vermoede tugwaardig, **maar allermins onwettig.**

- **Begrafnisse**

Koersvas se redaksie het met hartseer kennis geneem van die behandeling wat professor HG van der Westhuizen te beurt geval het met die afsterwe van tant Hester Botha. Dit is skandelige optrede van NHKA ampsdraers om die hartseer afsterwe van

iemand te misbruik in 'n magspel wat van een kant af bedryf word.

Dit moet by herhaling gestel word dat Geloofsbond van Hervormde gemeentes nie betrokke sal raak by 'n skaakspel oor wie op watter kansels toegelaat word, veral in die geval van dood nie!

Die begrafnis is eerstens 'n privaat aangeleentheid en om uitvoering te gee aan die laaste wense van 'n afgestorwene ten opsigte van die begrafnis, is raadsaam. Al is dit nie afdwingbaar nie, verdien so 'n wens om gerespekteer te word.

Terwyl NHKA ampsdraers probeer om Bondspredikante te verneder of seer te maak deur hulle kansels te weier, is die eindresultaat dat lidmate seer kry en 'n wrok opbou teen die NHKA. Die wrange vrugte van die ongelowige, kinderagtige vergrype sal weldra gepluk word.

Gelukkig is dit nie algemene praktyk nie. Daar is gemeentes waar daar ten spyte van teenkanting, aan die treurendes geleentheid gegee word om sonder stryd afskeid te neem. So het dit dan ook gebeur dat dr Johan Otto 'n vorige skriba van Newlands gemeente se roudiens moes lei. Johannes Hendrik Lodewikus du Plessis was 'n staatsmaker. Dit was sy wens dat dr Otto die roudiens sou lei en na sy tragiese afsterwe het sy familie dr Otto geskakel met sy testamentêre versoek.

Dr Otto het Anita (Hennie se weduwee) in kennis gestel dat hy dit sou doen, maar dat hy nie seker was of die kerkraad van sy vorige gemeente dit sou toelaat nie. Na beraadslaging met die kerkraad van die gemeente het die familie hom geskakel en in kennis gestel dat die nodige toestemming bekom is. Daar was sterk teenkanting deur sommige partye, maar die kerkraad het besluit om die treurende gesin se wense te

respekteer, eerder as om die seer te verdiep.

Dit is ironies dat selfs pastore op NHKA kansels kan klim om begrafnisse te hanteer. Dit terwyl Bondspredikante se optredes gekortwiek word en respekvolle optrede soos dié van Newlands die uitsondering is. Mag die gety draai en respek die deurslag gee in alle besluite.

## KENNISGEWINGS

### • **Bondsvergadering.**

Predikante en ampsdraers word daaraan herinner dat alle studiestukke en beskrywingspunte vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, nou reeds moet sirkuleer. Alle kommentaar word verwelkom.

### • **Bybelvasvra**

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra 2015.

### BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

### VOORGESTELDE DATUMS

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband (soos self in streeksverband georganiseer).

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

## Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Die Vaalwater projek ken u.
- Schweizer-Reneke se Wildsfees is 9 Mei en hulle basaar 30 Mei.
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### • **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk
- Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

### **geloofsbond.co.za**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet beskikbaar. <http://www.geloofsbond.org.za/>

### **BANKBESONDERHEDE:**

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

**ENB** Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

**MW PACKAGING**

**by 018 381 1494.**

**Fondsinsameling**  
**Hervormde Kerk Vaalwater**

Wen 'n  
 CZ550 .375 Holland & Holland Jaggeweer  
 ter waarde van R25000-00

**Kaartjies @ R200-00**

Kontak Hester by 079 528 6712 of  
 rvzguns@telkomsa.net vir besonderhede  
 Kaartjies is ook elektronies verkrygbaar  
 Trekking vind plaas op 12 September 2015



**Gemeente Schweizer-Reneke lid  
 van die onafhanklike Hervormde Gemeentes**

**Wildsfees - 9 Mei 2015**  
 Landbousaal  
 18:30 vir 19:00  
 R130 Volwassenes  
 R 60 Laerskool kinders

**Spyskaart**  
 Driegangmaal met 'n verskeidenheid van wildsvleise  
 Kontant kroeg

Onthou ons Basaar vind plaas 30 Mei 2015 in die kerksaal